



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**GESKIEDENIS V1**

**NOVEMBER 2015**

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n addendum van 14 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B, wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

**AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

VRAAG 1: DIE KOUE OORLOG: DIE OORSPRONG VAN DIE KOUE OORLOG

VRAAG 2: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – ANGOLA

VRAAG 3: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: BURGERREGTEBEWEGING

**AFDELING B: OPSTELVRAE**

VRAAG 4: UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM

VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: VERGELYKENDE GEVALLESTUDIE – DIE KONGO EN TANZANIË

VRAAG 6: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: SWARTMAGBEWEGING

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gekry word.
3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.
4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:
  - 4.1 Ten minste EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet 'n opstelvraag wees.
  - 4.2 Die DERDE vraag kan óf 'n brongebaseerde vraag óf 'n opstelvraag wees.
5. Jy word aangeraai om ten minste EEN uur per vraag te spandeer.
6. In die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig gebruik.
7. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van die bronne as antwoorde.
8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
9. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling. Bronmateriaal wat gebruik moet word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM vervat.

**VRAAG 1: HOE HET OOS- EN WES-BERLYNERS IN 1961 OP DIE BOU VAN DIE BERLYNSE MUUR GEREAGEER?**

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

## 1.1 Verwys na Bron 1A.

- 1.1.1 Waarom, volgens die bron, het die totale bevolking van Oos-Duitsland tussen 1949 en 1961 afgeneem? (1 x 2) (2)
- 1.1.2 Definieer die begrip *kommunisme* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)
- 1.1.3 Verduidelik waarom die Sowjet vise-premier gesê het dat die situasie in Oos-Duitsland 'n 'krisis vir kommunisme' was. (2 x 2) (4)
- 1.1.4 Noem TWEE faktore wat Khrushchev gemotiveer het om opdrag te gee dat die Berlynse Muur in 1961 gebou word. (2 x 1) (2)
- 1.1.5 Lewer kommentaar op President Kennedy se stelling, 'maar 'n muur is baie beter as 'n oorlog', in die konteks van die bou van die Berlynse Muur in 1961. (2 x 2) (4)

## 1.2 Raadpleeg Bron 1B.

- 1.2.1 Beskryf die atmosfeer in Wes-Berlyn voordat die Muur gebou is. (2 x 1) (2)
- 1.2.2 Verduidelik wat geïmpliseer word deur die stelling, 'Oos-Duitsers het geweet dat hulle vinnig moes optree as hulle wou wegkom'. (1 x 2) (2)
- 1.2.3 Haal DRIE maniere uit die bron aan waarop Oos-Berlynse probeer het om te vlug nadat die Sowjetregering die Berlynse Muur gebou het. (3 x 1) (3)
- 1.2.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis om te verduidelik waarom Peter Fechter gelos is om te sterf nadat hy geskiet is toe hy in 1961 probeer het om oor die Berlynse Muur te klim. (2 x 2) (4)

- 1.3 Bestudeer Bron 1C.
- 1.3.1 Watter boodskappe, dink jy, wou die spotprenttekenaar oordra rakende die regte van mense wat onder kommunistiese bewind in Oos-Berlyn gelewe het? Gebruik die visuele leidrade in die bron om jou antwoord te ondersteun. (2 x 2) (4)
- 1.3.2 Verduidelik waarom jy die spotprenttekenaar se uitbeelding van gebeure in die bron as partydig sal beskou. Ondersteun jou antwoord met geskikte redes. (2 x 2) (4)
- 1.4 Gebruik Bron 1D.
- 1.4.1 Identifiseer DRIE bewyse in die bron wat toon dat Wes-Berlyners ongelukkig was oor die Geallieerdes se reaksie op die bou van die Berlynse Muur. (3 x 1) (3)
- 1.4.2 Waarom, dink jy, het die joernalis die Sowjetsone in Berlyn 'n 'konsentrasiekamp' genoem? (1 x 2) (2)
- 1.5 Verwys na Bron 1A en 1D. Verduidelik hoe die inligting in Bron 1D die bewyse in Bron 1A ondersteun rakende die Westerse moondhede se gebrek aan optrede gedurende die bou van die Berlynse Muur in 1961. (2 x 2) (4)
- 1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik hoe beide Oos- en Wes-Berlyners in 1961 op die bou van die Berlynse Muur gereageer het. (8) [50]

**VRAAG 2: WAAROM HET DIE SLAG VAN CUITO CUANAVALLE IN 1987 EN 1988 DIE FOKUSPUNT VAN DIE KOUE OORLOG IN ANGOLA GEWORD?**

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

**2.1 Lees Bron 2A.**

- 2.1.1 Identifiseer die TWEE lande wie se brigades betrokke was by die aanval wat in Augustus 1987 op UNITA geloods is. (2 x 1) (2)
- 2.1.2 Waarom, volgens die bron, het Suid-Afrika in 1987 by die Angolese oorlog betrokke geraak? (1 x 2) (2)
- 2.1.3 Haal bewyse uit die bron aan wat te kenne gee dat die SAW nie daarin kon slaag om Cuito Cuanavale in te neem nie. (2 x 1) (2)
- 2.1.4 Verduidelik waarom die Slag van Cuito Cuanavale 'n keerpunt in die geskiedenis van Suider-Afrika geword het. (2 x 2) (4)
- 2.1.5 Waarom was dit nodig om die vrede in Angola te herstel na die Slag van Cuito Cuanavale? (2 x 1) (2)

**2.2 Raadpleeg Bron 2B.**

- 2.2.1 Watter bewyse in die bron gee te kenne dat die SAW nie 'n volskaalse oorlog in Angola wou voer nie? (2 x 1) (2)
- 2.2.2 Verduidelik of jy saamstem met Generaal Geldenhuys se standpunt dat Cuito Cuanavale nooit 'n 'doelwit van strategiese belang' vir die SAW was nie. (2 x 2) (4)
- 2.2.3 Lewer kommentaar op die geldigheid van Generaal Geldenhuys se bewering dat die SAW 'die oorlog om Afrika gewen het'. Ondersteun jou antwoord met TWEE redes. (2 x 2) (4)

**2.3 Bestudeer Bron 2C.**

- 2.3.1 Wie, dink jy, het die Slag van Cuito Cuanavale gewen nadat jy die statistiek ontleed het wat deur Generaal Geldenhuys verskaf is? Ondersteun jou antwoord met bewyse uit die bron. (2 x 2) (4)
- 2.3.2 Verduidelik of jy die statistiek wat in die bron verskaf word oor die verliese in die Slag van Cuito Cuanavale as betroubaar beskou. (2 x 2) (4)

- 2.4 Lees Bron 2D.
- 2.4.1 Noem TWEE rolle wat die Kubane gedurende die Slag van Cuito Cuanavale gespeel het. (2 x 1) (2)
- 2.4.2 Verduidelik tot watter mate Ronnie Kasrils goeie rede gehad het om te beweer dat 27 Junie 1988 die einde vir die SAW ingelui het. (2 x 2) (4)
- 2.4.3 Gee TWEE redes waarom die SAW besluit het om hulle militêre betrokkenheid in Angola te laat vaar. (2 x 1) (2)
- 2.5 Raadpleeg Bron 2C en 2D en verduidelik hoe die inligting in hierdie bronne verskil oor die SAW se rol in die Slag van Cuito Cuanavale. (2 x 2) (4)
- 2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy evalueer waarom die Slag van Cuito Cuanavale in 1987 en 1988 die fokuspunt van die Koue Oorlog in Angola geword het. (8)

**[50]**

**VRAAG 3: HOE HET KONSERWATIEWE WIT AMERIKANERS IN 1957 OP DIE INTEGRASIE VAN CENTRAL HIGH SCHOOL IN LITTLE ROCK, ARKANSAS, GEREAGEER?**

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.

- 3.1 Lees Bron 3A.
- 3.1.1 Noem enige TWEE swart Amerikaanse studente wat in 1957 Central High School bygewoon het. (2 x 1) (2)
- 3.1.2 Haal bewyse uit die bron aan wat te kenne gee dat Daisy Bates 'n invloedryke leier in die swart Amerikaanse gemeenskap was. (2 x 1) (2)
- 3.1.3 Waarom het Daisy Bates en lede van die NAACP besluit om die 'Little Rock-nege' aan die volgende bloot te stel:
- (a) 'n Evaluering (1 x 2) (2)
- (b) Beradingsessies (1 x 2) (2)
- 3.2 Verwys na Bron 3B.
- 3.2.1 Definieer die begrip *integrasie* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)
- 3.2.2 Verduidelik hoe Goewerneur Faubus op die integrasie van openbare skole in Little Rock gereageer het. (1 x 2) (2)
- 3.2.3 Wat, volgens Goewerneur Faubus, sou gebeur indien integrasie toegelaat sou word om in wit Amerikaanse skole plaas te vind? (2 x 1) (2)
- 3.2.4 Goewerneur Faubus het verwys na 'eeue oue beginsels van demokrasie'. Verduidelik waarom jy hierdie stelling as strydig met sy siening oor die desegregasie van Central High School in Little Rock, Arkansas, sou beskou. (2 x 2) (4)
- 3.3 Bestudeer Bron 3C.
- 3.3.1 Waarom, volgens bewyse in die bron, het dr. Fine nie vir Daisy Bates ingelig oor wat op 4 September 1957 gebeur het nie? (1 x 2) (2)
- 3.3.2 Waarom, dink jy, het die Nasionale Garde geen poging aangewend om Elizabeth Eckford te beskerm nie? (2 x 2) (4)
- 3.3.3 Hoe het Elizabeth Eckford gereageer op die vyandigheid wat die skare teenoor haar betoon het? Gee TWEE voorbeelde. (2 x 1) (2)
- 3.3.4 Verduidelik waarom jy hierdie historiese bewys as bruikbaar sou beskou vir 'n geskiedkundige wat Elizabeth Eckford se eerste dag by Central High School navors. (2 x 2) (4)

- 3.4 Raadpleeg Bron 3A en 3C. Lewer kommentaar op die maniere waarop die NAACP Elizabeth Eckford (Bron 3A) voorberei het om opgewasse te wees teen die intimidasietaktieke van die wit Amerikaanse skare (Bron 3C). (2 x 2) (4)
- 3.5 Verwys na Bron 3D.
- 3.5.1 Verduidelik die gebruik van die woorde 'Broederskap deur Bajonet' in die konteks van skooldesegregasie in 1957 by Central High School. (2 x 2) (4)
- 3.5.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis om te verduidelik wat die Capital Citizens Council (CCC) moontlik beïnvloed het om hierdie pamflet te ontwerp. (2 x 2) (4)
- 3.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik hoe konserwatiewe wit Amerikaners in 1957 op die integrasie van Central High School gereageer het. (8) **[50]**



**AFDELING B: OPSTELVRAE**

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling.

Jou opstel behoort ongeveer DRIE bladsye lank te wees.

**VRAAG 4: UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM**

Die hele militêre mag van die Verenigde State van Amerika se weermag kon nie 'n klein nasie van Viëtnamese boere oorwin nie.

Bespreek hierdie stelling krities in die konteks van die militêre strategieë wat beide die Verenigde State van Amerika en die Viëtkong tussen 1963 en 1973 in Viëtnam gebruik het.

**[50]****VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: VERGELYKENDE GEVALLESTUDIE – DIE KONGO EN TANZANIË**

Evalueer die verskille en ooreenkomste tussen Mobutu Sese Seko en Julius Nyerere se leierskap in die transformasie van hulle onderskeie lande se politieke en ekonomiese beleide in die 1960's en 1970's.

**[50]****VRAAG 6: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: SWARTMAGBEWEGING**

Verduidelik tot watter mate Malcolm X en Stokely Carmichael in die 1960's suksesvol was met die inboeseming van 'Swart Trots' onder swart Amerikaners.

Gebruik geskikte voorbeelde om jou antwoord te ondersteun.

**[50]****TOTAAL: 150**